

“Julle is my mense, Ek is julle God”

Esegiël 34:1-24, 31



Mohamad Babayan <https://unsplash.com/photos/5oC3JVdukaE>

Die boek Esegiël is in ‘n ontstellende, donker tyd in Israel se geskiedenis geskryf – rondom die vernietiging van die stad Jerusalem, die platslaan van die tempel (Esegiël 33:21-33) en die wegvoer van die volk in ballingskap. In dié tyd moes Esegiël optree, as passievolle, maar uiters vreemdsoortige profeet. Want hy moes gelyktydig profeteer oor God se oordeel en woede, maar ook oor God se genade en sorg. Esegiël gebruik angswekkende beelde om sy profesieë mee te illustreer: Ons lees van ‘n vallei vol doodsbeendere, Jerusalem as kookpot, wilde diere wat mense verslind, pessiëktes wat verwoesting bring, die land wat ‘n afgryslieke plek vol puinhope word – g’n wonder die ou rabbi’s het verklaar dat niemand onder dertig jaar ouderdom die boek Esegiël behoort te lees nie.

In Hoofstuk 34 gebruik die profeet die beeld van herders en skape om iets te sê oor God se verhouding tot sy volk Israel. Dit was ‘n bekende beeld; mense uit dié tyd sou presies verstaan wat die profeet met dié beeld bedoel. God se verhouding met sy volk was soos dié van ‘n herder met sy skape. Die volk is God se eiendom. God waak jaloers oor hulle; Hy versorg en beskerm hulle. Niks kom by die liefde en omgee wat ‘n herder vir sy skape het nie. Daar is ‘n onverbreeklike band tussen God en sy mense. Dit som die profeet so op: “Julle is my kleinvee, die kleinvee van my weiding. Julle is my mense, Ek is julle God” (vers 31).

Aan die ander kant wil die profeet met die beeld verduidelik dat die Herder-God ook oordeel en straf uitdeel. Daar is twee kante aan God: genade én geregtigheid, omgee én straf.

I

Kom ons kyk in die eerste plek na God se geregtigheid en oordeel. In hierdie hoofstuk kondig die profeet veral skerp oordeel oor die leiers van die volk aan, oor hulle wat veronderstel is om God se skape te lei, wat soos herders vir die kudde moes optree. In daardie tyd was godsdienstige leiers en politieke leiers eintlik maar een en dieselfde ding. Met herders word bedoel mense wat op watter terrein van die lewe ook al leiding moes neem, ander mense moes begelei en help. En nou ontstel dit God dat hierdie herders sy skape nie goed versorg nie. Hulle verwaarloos die skape, laat hulle weerloos rond dwaal in die berge, maar erger: hulle buit die skape uit, hulle is net begaan oor hulleself. Hulle kyk veral nie na die swakke skape nie – die gewondes en weerloses. En omdat die leiers so korrup is, gebeur dit dat die skape mekaar ook begin verdruk, mekaar se drinkwater tot modder vertrap, mekaar met boud en blad wegstoot, mekaar met die horings gaffel en na buite dryf.

Lees mens die lang verhaal van slegte herders en skape wat verstrooi en uitgelewer raak, voel dit asof die profeet Esegïël 'n opsomming gee van presies dit waarvan ons koerante vandag vol is. Korrupsie en geweld, uitbuiting en magsbeheptheid, morele verval en gebrek aan deernis, onreg wat in duisende vorme die botoon voer. Verrotting wat by die leiers begin, en deurwerk tot die gewone mense. Dit maak God woedend, dit laat sy toorn ontvlam, want dis sy geliefde kudde wat so vernietig word, sy kinders, sy mense! Daarom verklaar die Here dat Hy rekenskap gaan eis van die slegte herders; daar kom 'n tyd wat hulle geoordeel en gestraf sal word. God sal sy kudde van hierdie slegte herders wegneem, hulle uit hulle korrupte hande verlos. En die leiers dan swaar straf.

Wanneer God straf en oordeel aankondig, wanneer God regverdig oordeel, gaan dit juis oor God se liefde vir sy volk, vir sy kudde. God se geregtigheid staan nie teenoor sy genade en liefde nie. Die twee eienskappe van God, naamlik geregtigheid en genade, loop hand aan hand, dis twee kante van dieselfde munt.

II

In die tweede plek gaan dit dus oor God se genade en sorg, sy groot liefde vir sy kudde. Daarom verklaar God hier dat Hy self weer die herderskap sal oorneem. Hyself is die goeie herder wat sy skape sal versorg, met deernis sal omsien na hulle wat swak en weerloos is. Hy sal die verdwaaldes soek en terugbring. Hy sal hulle bring na groen weivelde, na waters waar daar rus is. Hy sal self hulle wonde versorg met genesende olie, Hy sal veral die lammers teen sy bors dra. Hy sal die goeie herder wees wat sy lewe vir sy skape aflê. In aangrypende mooie beelde word God se versorging en bewaring van sy kudde hier beskryf. Met soveel deernis wil God graag ons Herder wees.

En dis net hier waar dié hoofstuk van Esegïël, wat eeue voor die koms van Jesus Christus geskryf is, 'n profesie word oor die koms van die Messias uit die geslag van Dawid, die Goeie Herder wat die skape kom versorg en teruglei, uit die hand van die bose kom red, uit die kloue van die dood en vernietiging, wat letterlik sy lewe vir die

skape kom aflê het. Wanneer ons vanoggend die brood en wyn uit die Herder se eie hand ontvang, dan beleef ons heel konkreet iets van die versorging en deernis van hierdie Goeie Herder. Hy maak ons honger stil, hy les ons dors. Hy, die Here, is self ons Herder, ons kom niks kort nie!

In die angswekkende tyd waarin ons nou leef, kan ons weet “Julle is my kleinvee, die kleinvee van my weiding. Julle is my mense. Ek is julle God’. Dis die uitspraak van die Here.” (vers 31)

III

Maar, en dit sien ons ook in hierdie pragtige herder-beeld van Esegïël, wie God Drie-enig as Goeie Herder van hul lewens ervaar, wie die versorging uit sy hand ontvang en geniet, kan dan mos nie anders as om ook vir die ander soos goeie herders te gaan wees nie. Netsoos ons mekaar nie hier by die nagmaalstafel kan wegstoot of verdruk nie, netsoos ons hier nie die brood en wyn uit mekaar se hande kan gryp nie, net so min kan ons dit dan daarbuite gaan doen. Nee, dan volg ons in die voetspore van die Goeie Herder en gaan doen ons netso – ons word dan mekaar se herders, wat mekaar met liefde bedien, versorg en beskerm. Wie aan God se kosbare trop behoort, omhels en sorg en lei ook die ander wat deel is van die kudde. En gaan soek hulle wat nog nie deel daarvan is nie. Ons is geroepe om vir mekaar goeie herders te wees.

Dit is die bedoeling van God se geregtigheid. Dat ons ook geregtigheid teenoor mekaar sal soek. En dit is wat God se genade beteken, dat ons ook aan mekaar genade sal bewys. Dit leer ons veral hier in die tafelgemeenskap met die Here en met mekaar.

